

8. GRENDELTYD WHATSAPP KINDERKERK LES:

God sluit 'n verbond met Abraham - Genesis 17

Toe Abram 99 jaar oud was, het God eendag vir hom gesê: "As jy aan My gehoorsaam is, sal Ek uit jou 'n groot nasie laat kom. Jy gaan ook die vader van baie nasies word."

Terwyl God gepraat het, het Abram op sy knieë neergeval voor Hom. Die Here het vir hom gesê: "Dit is die ooreenkoms wat Ek met jou wil aangaan: Ek wil jou die pa van 'n baie groot familie maak. Daarom verander Ek nou jou naam. Jou naam is nie meer Abram nie, maar Abraham. Abraham beteken die pa van baie mense. Jou familie sal groot wees. Belangrike konings sal nog in jou familie gebore word. Ek sluit hierdie ooreenkoms nie net met jou nie, maar ook met almal uit jou familie wat nog gebore moet word. Hierdie ooreenkoms sal vir altyd bestaan!"

"In hierdie ooreenkoms belowe Ek twee goed. Die eerste is dat Ek jou God en ook die God van jou familie wat na jou kom, sal wees. Die tweede is dat Ek hierdie land vir jou en jou familie as 'n geskenk gee. Op die oomblik behoort die land nog nie aan jou nie. Dit behoort nog aan vreemde mense. Maar uiteindelik sal jou familie die hele land besit. Ek is mos jou en jou familie se God. Ek sal daarvoor sorg."

Die Here het ook vir Abraham gesê: "n Ooreenkoms kom van twee kante af. Julle moet ook julle deel van die ooreenkoms nakom. Jy en jou hele familie, ook almal wat nog gebore moet word, moet na My luister.

Die Here het vir Abraham gesê: "Ek gee ook vir jou vrou 'n nuwe naam. Jy moet haar nie meer Sarai noem nie. Haar naam is van nou af Sara. Deur haar gaan jy 'n groot familie hê. Belangrike konings gaan nog uit jou familie word."

Toe Abraham dit hoor, het hy op sy knieë neergeval. Maar diep in sy hart het hy gedink: "Die Here is seker nie ernstig nie! Hoe kan twee ou mense soos ek en Sara nou 'n kind kry?"

Abraham het eintlik lag gekry, want dit het vir hom onmoontlik gelyk.

Die Here het geantwoord: "Ek weet wat jy diep in jou hart dink. Ek weet jy lag omdat jy dink dit is onmoontlik dat twee ou mense 'n kind kan kry. Maar vir My is niks onmoontlik nie. Jy en Sara gaan 'n seuntjie kry. Jy moet hom Isak noem. Ek sal goed vir jou en jou familie sorg. My ooreenkoms met jou is ook vir Isak en sy hele familie wat na hom kom, bedoel. Isak sal oor presies 'n jaar van nou af gebore word. Hy is vir my baie spesiaal. Daarom sluit ek my ooreenkoms ook met hom." Die Here het toe klaar met Abraham gepraat.

Hierdie ooreenkoms wat God met Abraham gemaak het, noem ons 'n verbond. Dit was 'n belangrike belofte wat nooit verbreek sou word nie.

8. God sluit 'n verbond met Abraham - Genesis 17

Inleidende aktiwiteit:

Skep sand in 'n bakkie. Indien julle 'n vergrootglas het, gebruik dit om na die individuele sandkorrels te kyk. Vra vir elkeen in die gesin om tien sandkorreltjies uit te tel. Laat hulle dan twintig uittel. Raai saam hoeveel sandkorreltjies in 'n teelepel, koppie of emmer sal wees.

Vra:

- Het julle geweet God het vir 'n Abraham gesê dat hy soveel kleinkinders, agterkleinkinders, ens sou hê dat hulle selfs meer sou wees as die sandkorrels by die strand? (Genesis 22:17) Maar ons het dan gehoor dat Abraham en Sara glad nie kinders kon hê nie.

Lees nou saam die Bybelstuk - God sluit 'n verbond met Abraham

Vrae:

1. In die verhaal, hoe oud was Abram? (99)
2. Wat was die nuwe naam wat God hom gegee het? (Abraham)
3. Wat was Abraham se vrou se nuwe naam? (Sara)
4. Wat moes hulle baba se naam wees? (Isak)

Aktiwiteit: God het 'n ooreenkoms met Abraham gemaak. (verbond gesluit) God sou hom 'n vader van 'n groot nasie maak. Maar daar is iets wat Abraham ook moes doen. Gaan terug na die leesstuk en skryf neer die belangrike woorde wat julle gehoor het God vir Abraham beveel.

(Gehoorsaam; Jy en jou hele familie, ook almal wat nog gebore moet word, moet na My luister.)

Vraag:

- Dink julle die bevel om gehoorsaam te wees aan God en na Hom te luister, is net vir Abraham en Sara bedoel of tel dit vir ons ook vandag?

Gebedsgids:

- Vra vir God om jou te help om gehoorsaam aan Hom te wees.